Geopende Deure NUUSBRIEF

Geopende Deure Suider-Afrika – 50 jaar diens aan die vervolgde Kerk



©IMB.ORG

# Propaganda, vervolging, pandemie.

## Help die Kerk in Indië om te oorleef

#StandforTruthIndia

Verteenwoordigende foto gebruik.

Julie / Augustus 2021

Gedagtes van 'n vennoot in Indië, bl. 2 • Preetha en Vinita se storie van oorlewing, bl. 3
Veerkragtig te midde van die duisternis, bl. 4-5 • Die voorreg om met Jesus te kan praat, bl. 6
Skryf vir ons familie in Indië, bl. 7 • Ontmoet ons nuwe uitvoerende direkteur, bl. 8

# Dis dalk die laaste keer wat ons kan praat



Ons vennote in Indië werk onvermoeid om ons familie in Christus te versterk. Een van ons vennote, pastoor Samuel*, verduidelik waarom dit nou belangriker as ooit tevore is om vir ons familie in Christus in die bres te tree.

## Toename in vervolging en propaganda

Hoewel Indië ŉ demokratiese land is, word dié land regeer deur die Hindoe-meerderheidstelsel, wat volgens die Hindutva-ideologie die idee bevorder dat elke Indiër ŉ Hindoe moet wees.

*"In 2014 het een van hul leiers, wat Hindutva bevorder, gesê dat die einde van 2021 die laaste dag van die Christendom in dié land sal wees. Sedertdien het die vervolging van Christene elke jaar toegeneem, en die afgelope tyd is duisende mense deur vervolging geraak.*

*"Hulle beskuldig Christene valslik daarvan dat hulle Hindoes na Christenskap laat bekeer deur aan hulle geld te gee. Hulle sê dat Christelike organisasies en sendingorganisasies buitelandse fondse misbruik om Hindoes na Christenskap te laat omskakel. Hierdie propaganda skep ŉ negatiewe beeld van Christene in die land."*

## Ons moet iets sê

Nie eens die pandemie kon die ekstremiste laat afsien van hul plan om die Christendom in Indië te vernietig nie.

***"Dit raak al erger. Ekstremiste werk steeds aan hul planne om die Kerk teen 31 Desember 2021 uit te wis."***

*"Ons moet iets doen… Die situasie raak so erg dat dit dalk nou die laaste keer kan wees wat ons in staat is om vir ons land in die bres te tree."*

## Jou gebede en ondersteuning maak ŉ verskil

*"Dankie vir al julle gebede, ondersteuning en omgee vir ons mense. Wanneer ek sien wat julle alles doen om ons te help en die bediening te ondersteun, herinner dit my aan Spreuke 31:8. Dit praat van diegene wat nie vir hulself kan praat nie. In hierdie land het die mense nie ŉ stem nie. Ons kan niks sê, protesteer of praat nie… Jou ondersteuning en omgee vir hierdie mense help ons om diegene wat weggelei word na die dood terug te hou. Dit maak ŉ verskil wanneer jy vir dié praat wat nie self kan praat nie."*

*Naam verander en identiteit verbloem vir sekuriteitsredes.

**Hoor asseblief die Kerk in Indië se dringende noodroep! Ons moet nou optree om die leuens te ontbloot – en om die Indiese Kerk te ondersteun en te beskerm teen vernietiging. Besoek www.standfortruthindia.co.za vir meer inligting.**

# Jy het gehelp om ons susters lewend te hou

Preetha* en haar familie van Indië het etlike jare gelede tot geloof in Christus gekom nadat God haar dogter, Mirai*, van ŉ velsiekte genees het. Vinita* (middel-twintigs) het tot geloof gekom deur ŉ vriend by haar vorige werk.

Eendag het Preetha en haar man, pastoor Navin*, vir Vinita besoek om saam met haar te bid. Nadat hulle gebid het en besig was om tee te drink, het ŉ groep dronk mans by die deur ingebars.

Die groepleier het Navin aan sy hemp gegryp en gesê: *"Ons soek nie julle vreemde geloof hier nie!"*

Die ander mans het hulle aangerand en alles in hul sig gebreek, terwyl een Vinita se baba gegryp en haar op die grond gegooi het. Almal het die brutale aanval egter oorleef. Vinita se baba het wonderbaarlik met slegs ŉ paar skrape op haar bene daarvan afgekom. Ongelukkig is Vinita en die ander ernstiger beseer.

*"Ek het kopbeserings opgedoen, sowel as ernstige beserings aan my heup en skouers. My suster het ernstige kopbeserings opgedoen. Ons pastoor se dogter is aan haar hande en bene beseer. Hulle het ook ons pastoor se vrou aangerand,"* sê Vinita.

Preetha is bewusteloos geslaan nadat sy haar hand opgelig het om te keer dat sy met ŉ metaalstaaf oor die kop geslaan word. Haar hand is feitlik middeldeur gesny. Sy het ook haar been gebreek en ander inwendige beserings opgedoen.

Ongelukkig het hulle beproewing by die hospitaal voortgeduur, waar hulle behandeling geweier is weens hul geloof.

Danksy jou gebede en ondersteuning, kon Geopende Deure se plaaslike vennote dadelik reageer. Hulle het Preetha na ŉ ander hospitaal geneem en vir haar behandeling betaal. Preetha sê: *"As Geopende Deure se vennote ons nie gehelp het nie, sou ek doodgegaan het."*

Ongelukkig is hierdie nie ŉ geïsoleerde voorval nie – honderde gelowiges is verlede jaar aangeval weens hul geloof. Jou gebede en ondersteuning help Geopende Deure se plaaslike vennote egter om noodsaaklike praktiese en geestelike ondersteuning aan hierdie gelowiges te bied, wat hulle help oorleef en ook aan hulle wys dat hulle nie deur hul wêreldwye kerkfamilie of deur God vergeet word nie.

*Name verander en identiteite verbloem vir sekuriteitsredes.



# Veerkragtig te midde van die duisternis

**In 'n land wat meer as een biljoen mense huisves, is dit moeilik om te glo dat enigiemand alleen kan voel. Tog is dit presies hoe baie van ons broers en susters in Indië voel. Gelukkig word hulle ondanks vervolging, onderdrukking en isolasie nie vergeet nie. En daarom is hulle veerkragtig terwyl hulle Christus te midde van die duisternis dien...**



## Die Duisternis...

### Gedwing om 'n Hindoe-ritueel uit te voer

*"Ons was baie hartseer. Ons het die Hindoes toegelaat om te doen wat hulle wou en is deur 'n Hindoe-ritueel getroud. In ons binneste het ons egter geweet dat ons aan Jesus behoort. Ons het by my skoonfamilie gebly en Hom in die geheim gevolg."*
Mohan*, wat gedwing is om volgens Hindoe-gebruike met sy vrou te trou.

### Gedreig

*"Ons het geweier om ons geloof prys te gee, wat hulle woedend gemaak het. Hulle het aggressief geraak omdat ons volhard het om Jesus te volg. Toe ons uit die dorp verdryf is, het hulle gedreig om my te verkrag of dood te maak as ek terugkeer."*
Bahia*, wat aangerand en uit haar dorp verdryf is omdat sy geweier het om Jesus te versaak.


### Geen wegkruipplek nie

*"Daar is geen wegkruipplek nie. Mense sal agterkom wanneer jy die afgode uit jou huis en tuin verwyder, nie die tempels besoek nie en nie aan Hindoe-rituele deelneem nie. Hulle sal jou blameer vir die gode in die dorp se woede. Hulle voel dat hulle moet optree."*
Pastoor Samuel*, 'n Geopende Deure-vennoot wat Christene in Indië help.

Ons het 'n pragtige e-boek van Indië saamgestel met wonderlike foto's en getuienisse. As 'n dankie vir enige donasie van 'n R100 of meer vir die *Impact India*-veldtog, sal jy 'n gratis e-boek ontvang.

www.opendoors.org.za/afr/indie-fotoboek

Skandeer om 'n donasie te maak en jou e-boek te ontvang.




# Die Veerkragtigheid...

## Vrede te midde van vervolging

*"Ek het die mense wat teen my is, vergewe en daarna vrede in my hart gevoel."*

**Mohan nadat hy gekies het om dié wat hom, sy vrou en hul ouers weens hul geloof vervolg het, te vergewe.**

## Begeerte om die Evangelie te deel

*"Ek wil tyd daaraan spandeer om meer oor God te leer sodat ek eendag met die Evangelie kan terugkeer. My diepste begeerte is om God se Woord te deel. Ek wil almal vertel dat Jesus nie net vir vreemdelinge gesterf het nie. Hy het vir almal gesterf. Dis my boodskap aan die mense in my dorp, in Indië en buite ons land."*

**Bahia nadat sy Bybelskool toe gegaan het om haar geloof te versterk sodat sy kan terugkeer en die Evangelie met haar vervolgers kan deel.**

## Ons is pro-Jesus

*"God is nie afwesig nie, maar besig om te werk. Hy is in beheer en almagtig. Die Here is ons krag en ons hemelse Vader werk deur ander. Hy het dit op ons harte gelê om met Christene wêreldwyd in verbinding te tree en saam te werk om ŉ verskil te maak. Ons is nie gekant teen Hindoes nie. Ons is pro-Jesus en wil Sy allesomvattende liefde aan Indië wys."*

**Pastoor Samuel oor Christene in Indië wat Jesus se liefde aan ander wil betoon.**



*Name verander en identiteite verbloem vir sekuriteitsredes.

# Die voorreg om met Jesus te kan praat



Ek het onlangs na ŉ liedjie geluister wat my herinner het aan hoe ek oor Jesus geleer het toe ek jonger was.

Dis vir die meeste Suid-Afrikaanse kinders normaal om in ŉ Christelike huishouding groot te word, waar die gebruik is om kerk toe te gaan, in die koor te sing en na jeugkampe te gaan. Ons ouers het ons geleer hoe om die kos te seën, te bid en met Jesus te praat. Later het ons die punt bereik waar ons oud genoeg was om self te besluit of ons wou aanhou om God te dien of eerder die lewe eiehandig wou uitpluis.

Ek was een van die jongelinge wat laasgenoemde gekies het, maar tog het ek dikwels wanneer die lewe moeilik was teruggekeer na dit wat ek geleer is toe ek jonger was. Ek het begin om elke dag al meer met Jesus te gesels. Ek het sedertdien nog nooit teruggekyk nie.

Wanneer ek terugdink, is ek dankbaar vir die Bybelse fondament wat my ouers gelê het en dat hulle my meer oor Jesus geleer het. Dit is hartverskeurend om te dink dat sommige families nie hierdie ervaring saam met hul kinders het of hierdie waardes vrylik kan vestig sonder negatiewe gevolge, vervolging of die dood nie.

Op sommige plekke in die wêreld is dit verbode om Christelike waardes aan kinders te leer en vir families om hul geloof uit te leef – Indië is op hierdie lys. Die Liggaam van Christus in Indië word aangeval en die toekomstige generasie kan ŉ lewe ervaar waar hulle niks weet van Jesus en Sy pragtige erfenis wat vrylik met ons gedeel word nie. As deel van die Liggaam van Christus, is dit ons verantwoordelikheid om dit te deel en moet dit ons hartsbegeerte wees vir die volgende generasie regoor die wêreld.

So wat kan jy doen om te help? Jy kan by ons aansluit in gebed en ons wêreldwye veldtog op 15 Augustus ondersteun.

**Jou stem kan ŉ verskil in hul lewens maak. Praat nou sodat families in Indië die nalatenskap van Christus aan hul kinders en dié se kinders kan oordra. Besoek www.standfortruthindia.co.za vir meer inligting oor hierdie inisiatief en om jou stem daarby te voeg.**



# Bemoedig ons familie met 'n brief

Ons broers en susters in Indië ervaar voortdurend toenemende vyandigheid vanaf Hindoe-nasionaliste, wat Indië in 'n Hindoe-nasie wil omskep en geen ruimte vir Christene laat nie.

Hulle word geteister en aangerand, terwyl hul kinders geboelie word. Soms word hul huise vernietig, of hulle word uit hul dorpe verdryf. Hulle word toegang tot water, onderwys en regeringsrantsoene geweier weens hul geloof. Wanneer dit so moeilik is om 'n Christen te wees, het jy bemoediging nodig.

Neem asseblief 'n oomblik om 'n bemoedigingsbrief aan ons Christen-broers en -susters in Indië te skryf. Rig jou boodskap aan: "Liewe suster" of "Liewe broer" of "Liewe broers en susters". Op hierdie manier kan ons bemoedigingsboodskappe aan baie verskillende Christene stuur, bv. 'n vader, moeder, pastoor, student ens. Dié boodskappe sal gedeel word by byeenkomste of vergaderings waar vervolgde Christene bymekaarkom.

## Stuur jou briewe aan:

**Skryf van briewe: Indië**
**P/A Geopende Deure SA**
**Posbus 1771, Cresta, 2118**

**E-pos**
**letterwriting@opendoors.org.za**

# Ontmoet Geopende Deure Suider-Afrika se NUWE UITVOERENDE DIREKTEUR!

Beste vriende, seën vir julle

Goeiedag, sanibonani, it's nice to meet you! My naam is Lynette Leibach. Ek is opgewonde om by julle, ons vennote en die Geopende Deure-span, aan te sluit ter versterking van ons vervolgde Christen-familie wêreldwyd.

My belangstelling om mense se begeerte om te help, en geleenthede om te gee en op te tree, met mekaar te verbind, is al as kind geprikkel. Ek het opgekyk na my ouers wat, saam met hul gereelde tiende, op ander se behoeftes gereageer het wanneer hulle briewe met versoeke ontvang het.

Ek het in ŉ Afrikaanse gesin in Egoli, Mzantsi, grootgeword. Ek het by UJ studeer, met ŉ fokus op organisasie-ontwikkeling, besigheidsbestuur en bemarking, en het later ŉ kwalifikasie in Christelike studies voltooi.

ŉ Kerklike bedieningsreis as jong volwassene om die plaaslike Kerk in die oorloggeteisterde Joego-Slawië by te staan, het ŉ verandering in my beroepsfokus meegebring.

Ek is geseënd om Jesus in verskillende avonture te kon volg. Ek het sedert 2003 vir verskeie nie-winsgewende organisasies en voor dit vir kommersiële instellings gewerk, hoofsaaklik in Suid-Afrika, die Ooste en die Suider-Afrikastreek. Ek het die afgelope vier jaar in Nieu-Seeland gewerk as ŉ uitvoerende lid van ŉ Christelike internasionale ontwikkelingsorganisasie.

Met Jan se aftrede na dekades van getroue diens, sluit ek met nederigheid by Geopende Deure Suider-Afrika aan in ons jubeljaar – waartydens ons 50 jaar vier van doelgerigte toewyding en ondersteuning aan die vervolgde Kerk.

Ek sien uit daarna om met julle, ons ondersteunings- en gebedsvennote en kerklike organisasies, te skakel. Saam kan ons voortgaan om ŉ impak op Christen-families in die voorste linies te maak.

Vrede

**Lynette Leibach**
Verkose Uitvoerende Direkteur
Geopende Deure Suider-Afrika



Vervolg **Maar nooit alleen.**

Open Doors South Africa

Posbus 1771, Cresta, 2118
**T** +27 11 888 9341
**F** +27 11 888 9362
**E** southafrica@od.org
**I** www.opendoors.org.za
064 867 4730

Bankbesonderhede: Suid-Afrika, **Geopende Deure - Open Doors NPC, Absa - Northcliff (632005), Rekeningnr. 160340568 Geopende Deure - Open Doors, Nedbank Besigheidsrekening (198765), Rekeningnr. 113 750 4552**
Bankbesonderhede: Namibië, **Geopende Deure - Open Doors NPC, Nedbank - Windhoek (461609), Rekeningnr. 1-2000-23847-1**
(Faks asseblief die bewys van betaling na: **+27 11 888 9362**)
Saamgestel deur Geopende Deure Suider-Afrika.
Inligting korrek by ter perse gaan. Geen reproduksie sonder toestemming nie. Kontak Milandré by milandreh@od.org
**REG # 2004/023397/08 | Drukwerk deur Resolution Litho**